


# 24-7 GEBED VIR HERLEWING
## 9-15 MAART 2026

## LIEFDE VIR GOD, LIEFDE VIR MENSE (Deel 3)
## Deel God se liefde

*Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling…*
(Filippense 1:9)

God is liefde. Sy Woord leer ons om onsself as Sy skepping te waardeer en Sy liefde daagliks te deel deur vriendelikheid, genade en deernis, en Hom te weerspieël in alles wat ons doen.

Terwyl ons ons driedelige reeks, *Liefde vir God, Liefde vir Mense*, afsluit, soek ons geleenthede om God se liefde te deel. Ons vra ook die Here om ons tereg te wys waar ons lewens nie Sy liefde duidelik aan ander openbaar nie.

Ons nooi jou uit om saam met ons tydens die **'30 Dae van Ramadaan' van 17 Februarie – 18 Maart 2026** op 'n ingeligte en gefokusde wyse vir Moslems te bid – hul laste te deel, hul bekommernisse te verstaan en God te smeek vir hul verlossing.

---

**MAANDAG 9 MAART 2026**
**LIEFDE VIR JOU NAASTE**
*Wie van hierdie drie is volgens jou die naaste van hom wat onder die rowers verval het?"Die wetgeleerde antwoord: "Die man wat aan hom medelye bewys het." Toe sê Jesus vir hom: "Gaan maak jy ook so."* (Lukas 10:36-37).

**Bybel leesstuk:** Lukas 10:27-37

**Dink na:**
Medelye definieer ons liefde vir ons naaste. Waar kan ek vandag medelye betoon?

**Kom ons bid**
- Vra vir die Heilige Gees om jou bewus te maak van alledaagse geleenthede om vriendelikheid te betoon – tydens 'n saamrygeleentheid of terwyl jy in 'n ry staan by die winkels.
- Bid dat barmhartigheidsbedieninge in jou gemeente getrou bly en geestelike vrug dra.
- Tree in vir regeringsdienste wat sorg vir die mishandeldes, weeskinders, verslaafdes en kwesbares.

**RAMADAAN 17 FEBRUARIE – 18 MAART 2026**
**Dag 21: KOEWEIT**
*'Roep My aan, Ek sal jou antwoord...* '(Jeremia 33:3).

Christene aanbid God in stilte en binne perke.
**Moslems in Koeweit:** 3,5 miljoen (75% van die bevolking)

**Kom ons bid**

- Vra vir die Here om Moslems in Koeweit drome en duidelike openbarings van die Here Jesus Christus te gee.
- Bid dat die Heilige Gees harte sal versag en deure sal oopmaak sodat die Evangelie met wysheid en moed verkondig kan word.

---

**DINSDAG 10 MAART 2026**
**LEWE IN LIEFDE**
*Lewe in liefde, soos Christus ons ook liefgehad en om ons ontwil sy lewe as 'n offergawe gegee het, ja, 'n offer wat vir God aanneemlik was.* (Efesiërs 5:2).

**Bybel leesstuk:** Efesiërs 5:1-13

**Dink na:**
Is Christus se opofferende liefde die patroon van my verhoudings?
Is goedheid, regverdigheid en waarheid kenmerkend van my dade?

**Kom ons bid**

- Tree in vir gelowiges om vrygewig van hul lewens, tyd en hulpbronne te gee as aanbidding aan ons hemelse Vader.
- Bid dat sulke liefde 'n getuienis sal word wat ander tot redding lei.

**RAMADAAN 17 FEBRUARIE – 18 MAART 2026**
**Dag 22: SOMALIË**
*God wat gesê het: "Laat daar lig skyn uit die duisternis..."* (2 Korintiërs 4:6).

Christene leef vreedsaam, maar met min evangelisasievryheid.
**Moslems in Somalië:** 19,5 miljoen (99,7% van die bevolking)

**Kom ons bid**

- Vra dat die Here die lig van Christus in Somalië sal laat skyn en blinde oë oopmaak om Sy heerlikheid te aanskou.
- Bid dat die Heilige Gees dapper getuies sal oprig wie se veranderde lewens verlossing in die Here Jesus Christus alleen verkondig.

---

**WOENSDAG 11 MAART 2026**
**VERGEWE VRYLIK**
*Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het.* (Efesiërs 4:32).

**Bybel leesstuk:** Efesiërs 4:20-32

**Dink na:**
Hou ek vas aan aanstoot, of gee ek dit aan die Here oor?

**Kom ons bid**
- Vra vir die Heilige Gees om jou hart te versag en jou te bemagtig om opreg te vergewe.
- Bid vir eenheid in jou nasie; dat liefde historiese wonde sal oorkom en dat versoening sal floreer deur eerlike gesprekke en genade.

**RAMADAAN 17 FEBRUARIE – 18 MAART 2026**
**Dag 23: KAZAKSTAN**
*Eers as die Seun julle vry maak, sal julle werklik vry wees.* (Johannes 8:36).

Christene staar toenemende regsdruk in die gesig.
**Moslems in Kazakstan:** 13,8 miljoen (70,2% van die bevolking)

**Kom ons bid**
- Vra God om ontevredenheid met rituele aan te wakker en Moslems in Kazakstan tot ware versoening deur die Here Jesus Christus te lei.
- Bid dat die Heilige Gees getroue gelowiges sal vestig wat die Evangelie standvastig onder druk verkondig.

---

**DONDERDAG 12 MAART 2026**
**BID VIR ANDER**
*Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges.* (Efesiërs 6:18).

**Bybel leesstuk:** Efesiërs 6:10-19

**Dink na:**
Word my liefde betoon deur getroue voorbidding?

**Kom ons bid**
- Volg Christus se voorbeeld in Johannes 17 en bid doelbewus vir diegene wat jy geestelik mentor, dissipilieer of beïnvloed.
- Bid dat die Liggaam van Christus sal wandel in liefde en geregtigheid, voorbereid vir die dag van Christus en Sy heerlikheid sal weerspieël (Filippense1:9-11).

**RAMADAAN 17 FEBRUARIE – 18 MAART 2026**
**Dag 24: OESBEKISTAN**
*..."Ek is die brood wat lewe gee..."* (Johannes 6:35).

Christene word beperk en gemonitor.
**Moslems in Oesbekistan:** 31,7 miljoen (88% van die bevolking)

**Kom ons bid**
- Vra die Vader om die Here Jesus te openbaar as die Brood van die Lewe, wat alleen elke vastende Moslem se siel versadig.
- Bid dat die Heilige Gees goddelike afsprake sal voorberei wat baie sal lei om die Here Jesus as Here te bely.

---

**VRYDAG 13 MAART 2026**
**WEES GASVRY**
*Wees gasvry teenoor mekaar sonder om te kla.* (1 Petrus 4:9).

**Bybel leesstuk:** 1 Petrus 4:8-11

**Dink na:**
Weerspieël my gasvryheid die verwelkomende hart van God?
Ervaar ander vrede en genade wanneer hulle my huis binnekom?

**Kom ons bid**
- Vra die Here om harte in jou gemeente aan te wakker om maaltye, gebed en gemeenskap in hul huise te deel (Handelinge 2:42).
- Tree in vir jongmense wat swaarkry ervaar, dat tydelike toevlug in sorgsame huise vernuwing en die rigting van God se weg sal bring.

**RAMADAAN 17 FEBRUARIE – 18 MAART 2026**
**Dag 25: BANGLADESJ**
*Kom, almal wat dors is, kom na die water toe, selfs ook dié wat nie geld het nie, kom, koop en eet...* (Jesaja 55:1).

Christene is 'n klein en kwesbare minderheid.
**Moslems in Bangladesj:** 157,6 miljoen (91,04% van die bevolking)

**Kom ons bid**
- Vra die Vader om 'n diep geestelike honger regoor Bangladesj te wek en die Here Jesus Christus as die Lewende Water te openbaar.
- Bid dat die Here die vermoeides in die rus en vergifnis wat by die kruis verseker is, sal intrek.

---

**SATERDAG 14 MAART 2026**
**OPBOUENDE SPRAAK**
*Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade. Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly…* (Hebreërs 10:24-25a)

**Bybel leesstuk:** Hebreërs 10:24-25

**Dink na:**
Versterk of ontmoedig my woorde ander?
Praat ek positief oor myself en die mense rondom my?

**Kom ons bid**
- Bid vir genade om die waarheid in liefde binne gesinne te spreek, selfs wanneer teregwysing nodig is.
- Bid dat Christelike gemeenskap woorde sal kweek wat geloof versterk en deursettingsvermoë aanmoedig.
- Vra die Heilige Gees om ons tonge te bewaak en ydele woorde te vervang met genadevolle woorde.

**RAMADAAN 17 FEBRUARIE – 18 MAART 2026**
**Dag 26: MALEISIË**
*Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof.* (Efesiërs 2:8).

Christene aanbid vrylik, maar ondervind beperkings na hulle tot bekering kom.
**Moslems in Maleisië:** 20,6 miljoen (63,5% van die bevolking)

**Kom ons bid**
- Vra die Vader om te openbaar dat verlossing 'n genadegawe deur die Here Jesus Christus is en nie deur werke verdien word nie.
- Bid dat die Heilige Gees sagmoedige maar dapper getuies sal oprig wat baie tot die kennis van die waarheid sal lei.

---

**SONDAG 15 MAART 2026**
**DEEL DIE GOEIE NUUS**
*Hy het vir hulle gesê: "Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom."* (Markus 16:15).

**Bybel leesstuk:** Markus 16:14-20

**Dink na:**
Is Christus se liefde in my sterk genoeg om my vrees om die Evangelie te deel te oorkom?

**Kom ons bid**
- Vra dat die Heilige Gees jou sensitief sal maak om goddelike geleenthede te herken om Christus se getuie te wees.
- Bid volhardend vir ongelowige geliefdes en vertrou dat die Here hulle na Homself sal trek.
- Bid dat sendelinge en evangeliste met duidelikheid, moed en gepaardgaande tekens sal bedien wat Jesus Christus verheerlik.

**RAMADAAN 17 FEBRUARIE – 18 MAART 2026**
**Dag 27: LIBIË**
*Die Here is my lig en my redder, vir wie sou ek bang wees?* (Psalm 27:1).

Christene in Libië ervaar uiterste druk en gevaar van wetlike beperkings.
**Moslems in Libië:** 6,6 miljoen (96,6% van die bevolking)

**Kom ons bid**
- Vra die Vader om die Here Jesus as Vredevors en die enigste Verlosser in Libië te openbaar.
- Bid dat die Heilige Gees 'n veerkragtige Kerk sal bou en 'n oes van siele sal voortbring ten spyte van teenstand.

---